Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2862 PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST REGULATION GAZETTE No. 2862
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*
POSVRY · POST FREE

VOL. 171] PRETORIA, 14 SEPTEMBER 1979 [No. 6654

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 211, 1979

SOMERGRAANSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou, kragtens artikel 9 (2) (c) saamgelees met artikel 15 (3) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Somergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, aangeneem het en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a), saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging op datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agt-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Die Somergraanskema afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, word hierby soos volg verder gewysig:

1. Artikel 15 (2) word hierby gewysig deur die woord "nege" te vervang deur die woord "vyf".

2. Artikel 16 (2) word hierby gewysig deur die woord "sewe" te vervang deur die woord "drie".

No. R. 212, 1979

DROËBONESKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou kragtens artikel 9 (2) (c), saamgelees met artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Droëboneskema afgekondig by Proklamasie R. 68 van

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 211, 1979

SUMMER GRAIN SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment set out in the Schedule hereto, to the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, and has in terms of section 12 (1) (b) of the said Act recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a), read with the said section 15 (3) of the said Act, I do hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-eighth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

The Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, is hereby further amended as follows:

1. Section 15 (2) is hereby amended by the substitution for the word "nine" of the word "five".

2. Section 16 (2) is hereby amended by the substitution for the word "seven" of the word "three".

No. R. 212, 1979

DRIED BEAN SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment as set out in the Schedule hereto, to the Dried Bean Scheme, published by Proclamation

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

1961 aangeneem het, en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a) saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Die Droëboneskema, afgekondig by Proklamasie R. 68 van 1961, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 11 die volgende artikel in te voeg:

"Adviserende komitee vir droëbone bedoel as saad

11A. (1) Hierby word 'n adviserende komitee ingestel, wat die Droëbone Saadbeplanningskomitee heet, ten einde die Raad te adviseer aangaande enige aangeleentheid ten opsigte van droëbone bedoel as saad.

(2) Die komitee bestaan uit hoogstens vyf lede en word saamgestel op die wyse deur die Raad, met die goedkeuring van die Minister, bepaal.

(3) Die lede van die komitee word deur die Raad aangestel: Met dien verstande dat geen persoon wat 68 jaar of ouer is as lid aangestel mag word nie.

(4) Die Raad kan op die voorwaardes wat die Minister goedkeur sodanige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Skema aan die Komitee oordra as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(5) Die Raad moet ten opsigte van die Komitee sodanige reëls neerlê met betrekking tot die hou van en prosedure op vergaderings (met inbegrip van die kworum), die wyse waarop vergaderings belê moet word, die verkiesing van 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter, ampstermyn van lede, die vulling van vakatures en aangeleenthede in verband daarmee, as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(6) Die beslissing van die meerderheid van al die lede van die Komitee maak 'n besluit van die Komitee uit: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die Voorsitter benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem sal hê.

(7) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring die toelaes vasstel wat uit die Raad se fondse aan lede van die Komitee betaal moet word.".

No. R. 213, 1979

WYSIGING VAN DIE NATALSE WETBOEK VAN SWART REG EN PROKLAMASIE R. 103 VAN 1973

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 24 en 25 (1) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), gelees met artikel 21 (1) van die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), wysig ek hierby die Natalse Wetboek van Swart Reg en Proklamasie R. 103 van 1973, in ooreenstemming met Bylaes 1 en 2 onderskeidelik.

R. 68 of 1961, and has, in terms of section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-fourth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

The Dried Bean Scheme, published by Proclamation R. 68 of 1961, as amended, is hereby further amended by the insertion after section 11 of the following section:

"Advisory committee for dry beans intended as seed

11A. (1) There is hereby established an advisory committee, to be known as the Dry Bean Seed Planning Committee, for the purpose of advising the Board in regard to any matter in respect of dry beans intended as seed.

(2) The Committee shall consist of not more than five members and shall be constituted in the manner determined by the Board with the approval of the Minister.

(3) The members of the Committee shall be appointed by the Board: Provided that no person of or over the age of 68 years shall be appointed as a member.

(4) The Board may, on such conditions as the Minister may approve, assign such of its powers under the Scheme to the Committee as it may determine with the approval of the Minister.

(5) The Board shall in respect of the Committee make such rules with regard to the conduct of and procedure at meetings (including the quorum), the manner in which meetings shall be called, the election of a chairman and a vice-chairman, tenure of office of members, the filling of vacancies and matters incidental thereto, as the Board may, with the approval of the Minister determine.

(6) The decision of the majority of all the members of the Committee shall constitute a decision of the Committee: Provided that in the event of any equality of votes, the Chairman shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(7) The Board may, with the approval of the Minister, determine the allowances payable out of the funds of the Board to the members of the Committee.".

No. R. 213, 1979

AMENDMENT OF THE NATAL CODE OF BLACK LAW AND PROCLAMATION R. 103 OF 1973

Under and by virtue of the powers vested in me by sections 24 and 25 (1) of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), read with section 21 (1) of the Development Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), I hereby amend the Natal Code of Black Law and Proclamation R. 103 of 1973 in accordance with Schedules 1 and 2, respectively.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agt-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

BYLAE 1

NATALSE WETBOEK VAN SWART REG

Die Natalse Wetboek van Swart Reg word gewysig deur—

(a) (i) die uitdrukkings "Natalse Wetboek van Swart Reg" en "Swart Wetboek" deur die uitdrukking "Wetboek van Zoeloereg" te vervang;

(ii) die uitdrukking "Swart reg" deur die uitdrukking "Zoeloereg" te vervang;

(iii) die uitdrukking "Swart gebruik" deur die uitdrukking "Zoeloegebruik" te vervang;

(iv) die uitdrukking "Swart maniere" deur die uitdrukking "Zoeloemaniere" te vervang;

(v) die uitdrukking "Swart geneesmiddels" deur die uitdrukking "Zoeloegeneesmiddels" te vervang;

(vi) in die Afrikaanse teks die uitdrukking "Swart medisyne" deur die uitdrukking "Zoeloemedisyne" te vervang; en

(b) deur subartikel (3) van artikel 7B deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is slegs in die distrikte Msinga, Kliprivier en Weenen van krag.".

BYLAE 2

PROKLAMASIE R. 103 VAN 1973

Vervang paragraaf (a) deur die volgende:

"(a) dat die regulasies in die Bylae hiervan vervat in die distrikte Msinga, Kliprivier en Weenen van krag is; en".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-eighth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

SCHEDULE 1

NATAL CODE OF BLACK LAW

The Natal Code of Black Law is amended by—

(a) (i) the substitution for the expressions "Natal Code of Black Law" and "Black Code" of the expression "Code of Zulu Law";

(ii) the substitution for the expression "Black law" of the expression "Zulu law";

(iii) the substitution for the expression "Black custom" of the expression "Zulu custom";

(iv) the substitution for the expression "Black manners" of the expression "Zulu manners";

(v) the substitution for the expression "Black medicines" of the expression "Zulu medicines";

(vi) the substitution for the expression "Swart medisyne" in the Afrikaans text of the expression "Zoeloemedisyne"; and

(b) the substitution for subsection (3) of section 7B of the following subsection:

"(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall have the force of law in the Districts of Msinga, Klip River and Weenen only.".

SCHEDULE 2

PROCLAMATION R. 103 OF 1973

Substitute the following for paragraph (a):

"(a) the regulations contained in the Schedule hereto shall have the force of law in the Districts of Msinga, Klip River and Weenen; and".

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 2000 14 September 1979

AFKONDIGING VAN ROOKBEHEERSTREEK-BEVEL INGEVOLGE ARTIKEL 20 (1) VAN WET 45 VAN 1965

Kragtens artikel 20 (1) van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), en na oorlegpleging met die Nasionale Adviserende Komitee op Lugbesoedeling, kondig ek, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister van Gesondheid, hierby die volgende Bevel af wat op 16 Augustus 1979 deur my bekragtig is en wat met ingang van 16 Mei 1980 op die regsgebied van die Munisipaliteit van Germiston van toepassing is.

MUNISIPALITEIT VAN GERMISTON.—ELFDE ROOKBEHEERSTREEKBEVEL

Die Munisipaliteit van Germiston vaardig kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 20 van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling 1965, hierby die volgende Bevel uit:

1. Die gebied soos in die Bylae hiervan omskryf, word hierby tot 'n Rookbeheerstreek verklaar.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 2000 14 September 1979

PROMULGATION OF SMOKE CONTROL ZONE ORDER IN TERMS OF SECTION 20 (1) OF ACT 45 OF 1965

In terms of section 20 (1) of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965), and after consultation with the National Air Pollution Advisory Committee, I, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister of Health, hereby promulgate the following Order, which was confirmed by me on 16 August 1979 and which shall apply to the area of jurisdiction of the Municipality of Germiston with effect from 16 May 1980.

MUNICIPALITY OF GERMISTON.—ELEVENTH SMOKE CONTROL ZONE ORDER

The Municipality of Germiston hereby, by virtue of the powers vested in it by section 20 of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965, makes the following Order:

1. The area defined in the Schedule hereto is hereby declared to be a Smoke Control Zone.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

2. Geen eienaar of okkupeerder van 'n perseel in klousule 3 genoem, mag in hierdie Rookbeheerstreek die voortkoming of uitlating van rook van so 'n digtheid of inhoud dat dit lig in groter mate as 20 persent verdonker, uit sodanige perseel veroorsaak of toelaat nie.

3. Hierdie Bevel is van toepassing op—

(1) alle persele in gebruikstreke geklassifiseer as spesiale woon-, algemene woon-, algemene, algemene besigheid-, spesiale, spesiale besigheidstreke en streke vir onbepaalde, landbou-, inrigtings-, opvoedkundige, munisipale en handelsdoeleindes: Met dien verstande dat waar 'n nywerheidsgebou geleë is in enige van gemelde gebruikstreke, enige persoon skriftelik by die Stadsraad van Germiston aansoek kan doen om vrystelling van die bepalings van hierdie Bevel, en indien die Raad oortuig is dat daar afdoende redes bestaan vir sodanige vrystelling hy by skriftelike kennisgewing aan die aansoeker sodanige vrystelling kan verleen op sodanige voorwaardes as wat hy na goeddunke nodig ag;

(2) alle gedeeltes van persele in gebruikstreke geklassifiseer as spesiale nywerheids- of algemene nywerheidstreke waarop 'n woonhuis, 'n woongebou, 'n winkel, 'n besigheidsgebou, 'n openbare garage, 'n onderrigplek, 'n geselligheidsaal of 'n vermaaklikheidsplek geleë is.

4. Die Stadsraad van Germiston kan van tyd tot tyd enige fabrikaat, tipe, klas of model huishoudelike brandstofverbruikende toestel wat ontwerp is om enige vaste of vloeibare brandstof te verbrand, algemeen vrystel van die bepalings van klousule 2 op voorwaarde dat enige sodanige toestel ingerig en in stand gehou word en aan die gang bly in ooreenstemming met die voorskrifte van die vervaardiger daarvan en wel op so 'n wyse dat die uitlating van rook tot 'n minimum beperk word. Die Geneeskundige Gesondheidsbeampte van die Stadsraad van Germiston kan sodanige vrystelling intrek ten opsigte van enige bepaalde toestel indien hy vind dat daar ten opsigte van daardie toestel nie aan die voorwaardes verbonde aan enige algemene vrystelling voldoen word nie.

5. Die bepalings van regulasie 2 van die Regulasies vir Rookbeheer, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1370 van 10 Augustus 1973, word hierby ten opsigte van die persele waarop hierdie Bevel van toepassing is, opgeskort.

6. (1) Tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking vervat in klousule 3, dieselfde betekenis as wat in die Stadsraad van Germiston se dorpsbeplanningskema wat op die betrokke gebruikstreek van toepassing is, daaraan geheg is.

(2) Tensy uit die samehang anders blyk, het enige ander woord of uitdrukking in hierdie Bevel dieselfde betekenis as wat in die Wet daaraan geheg is.

7. Die Tweede Rookbeheerstreekbevel, 1972, afgekondig by Administrateurskennisgewing 644 van 3 Mei 1972, word hierby ingetrek vir sover dit van toepassing is op die dorpe vermeld in die Bylae hiervan met ingang van die datum waarop die Elfde Rookbeheerstreekbevel kragtens klousule 8 hiervan in werking tree.

8. Hierdie Bevel tree in werking op 16 Mei 1980.

9. Hierdie Bevel heet die Elfde Rookbeheerstreekbevel.

BYLAE

Dinwiddie.
Dinwiddie-uitbreiding 3.
Albemarle.

2. In this Smoke Control Zone no owner or occupier of any premises referred to in clause 3 shall cause or permit the emanation or emission from such premises of smoke of such a density or content as will obscure light to an extent greater than 20 per cent.

3. This Order shall apply to—

(1) all premises in use zones classified as special residential, general, general business, special, special business zones and zones for undetermined, agricultural, institutional, educational, municipal and commercial purposes: Provided that where an industrial building is situated in any of the above-mentioned use zones, any person may apply, in writing, to the City Council of Germiston for exemption from the provisions of this Order and if the Council is satisfied that there are adequate reasons for such exemption it may, by notice in writing to the applicant, grant such exemption on such conditions as it may in its sole discretion deem fit;

(2) all portions of premises in use zones classified as special industrial or general industrial on which a dwelling-house, a residential building, a shop, a business building, a public garage, a place of instruction, a social hall or a place of amusement is situated.

4. The City Council of Germiston may from time to time exempt generally from the provisions of clause 2 any make, type, class or model of household fuel burning appliance designed to burn any solid or liquid fuel, on condition that any such appliance is installed, maintained and operated in accordance with the manufacturer's instructions and so as to minimise the emission of smoke. The Medical Officer of Health of the City Council of Germiston may withdraw such exemption in respect of any particular appliance if he finds that the conditions attached to any general exemption are not being complied with in respect of that appliance.

5. The provisions of regulation 2 of the Smoke Control Regulations published under Government Notice R. 1370, dated 10 August 1973, are hereby suspended in respect of the premises to which this Order applies.

6. (1) Unless the context indicates otherwise, any word or expression contained in clause 3 shall have the meaning assigned to it in the townplanning scheme of the City Council of Germiston applicable to the use zone in question.

(2) In this Order, unless the context indicates otherwise, any other word or expression shall have the same meaning as the meaning which has been assigned thereto in the Act.

7. The Second Smoke Control Zone Order, 1972, published under Administrator's Notice 644, dated 3 May 1972, is hereby withdrawn in so far as it applies to the township referred to in the Schedule hereto with effect from the date on which the Eleventh Smoke Control Zone Order commences in terms of clause 8 hereof.

8. This Order shall come into effect on 16 May 1980

9. This Order shall be called the Eleventh Smoke Control Zone Order.

SCHEDULE

Dinwiddie.
Dinwiddie Extension 3.
Albemarle.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Albemarle-uitbreiding 2.
Castleview.
Union.
Union-uitbreiding 1.
Union-uitbreiding 3.
Union-uitbreiding 4.
Union-uitbreiding 5.
Union-uitbreiding 6.
Union-uitbreiding 7.
Union-uitbreiding 8.
Union-uitbreiding 10.
Union-uitbreiding 11.
Union-uitbreiding 12.
Union-uitbreiding 13.
Dewittsrus.
Norton-kleinhoewes.

No. R. 2001 14 September 1979

WET OP VOEDINGSMIDDELS, SKOONHEIDSMIDDELS EN ONTSMETTINGSMIDDELS, 1972 (WET 54 VAN 1972)

TOEPASSING DEUR PLAASLIKE BESTURE.—BARBERTON, LYDENBURG, MACHADODORP, NABOOMSPRUIT EN WARMBAD

Ek, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister van Gesondheid, magtig die Munisipaliteite van Barberton, Lydenburg, Naboomspruit en Warmbad en die Dorpsraad van Machadodorp hierby kragtens artikel 23 (1) van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), om binne hulle onderskeie regsgebiede en deur hulle behoorlik gemagtigde beamptes en behoudens die verstrekking van sodanige opgawes en verslae in verband met die uitvoering van of handeling kragtens die Wet as wat ek verlang, die bepalings van genoemde Wet ten opsigte van enige artikel wat onder die bepalings daarvan ressorteer, uit te voer.

Opmerking.—Gratis monsters toegestaan ingevolge artikel 23 (4):

Barberton: 22.
Lydenburg: 13.
Machadodorp: 12.
Naboomspruit: 12.
Warmbad: 13.

No. R. 2030 14 September 1979

WET OP DIE BEHEER VAN MEDISYNE EN VERWANTE STOWWE, 1965 (WET 101 VAN 1965)

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 35 (1) en artikel 35 (3) (b) van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965), regulasie 35 van die regulasies wat ingevolge genoemde Wet uitgevaardig en by Goewermentskennisgewing R. 1195 van 1 Julie 1977 afgekondig is, met ingang van die datum van publikasie hiervan, soos volg gewysig:

"35: *Gelde*

35. Die volgende gelde is aan die Registrateur betaalbaar:

(a) Ten opsigte van die indiening van 'n aansoek om registrasie van 'n medisyne wat—

(i) in die geheel in die Republiek van Suid-Afrika aangemaak of berei word: R500; of

Albemarle Extension 2.
Castleview.
Union.
Union Extension 1.
Union Extension 3.
Union Extension 4.
Union Extension 5.
Union Extension 6.
Union Extension 7.
Union Extension 8.
Union Extension 10.
Union Extension 11.
Union Extension 12.
Union Extension 13.
Dewittsrus.
Norton Small Holdings.

No. R. 2001 14 September 1979

FOODSTUFFS, COSMETICS AND DISINFECTANTS ACT, 1972 (ACT 54 OF 1972)

ENFORCEMENT BY LOCAL AUTHORITIES.—BARBERTON, LYDENBURG, MACHADODORP, NABOOMSPRUIT AND WARMBATHS

I, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister of Health, in terms of section 23 (1) of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972), hereby authorise the Municipalities of Barberton, Lydenburg, Naboomspruit and Warmbaths and the Village Council of Machadodorp to enforce, within their respective areas of jurisdiction and through their duly authorised officers and subject to the furnishing of such returns and reports regarding the implementation of or action taken under the Act as may be required by me, the provisions of the said Act in respect of any article falling within the provisions thereof.

Note.—Free samples allotted in terms of section 23 (4):

Barberton: 22.

Lydenburg: 13.

Machadodorp: 12.

Naboomspruit: 12.

Warmbaths: 13.

No. R. 2030 14 September 1979

MEDICINES AND RELATED SUBSTANCES CONTROL ACT, 1965 (ACT 101 OF 1965)

The Minister of Health has, in terms of section 35 (1) and section 35 (3) (b) of the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (Act 101 of 1965), with effect from the date of publication hereof, amended regulation 35 of the regulations made under the said Act and published in Government Notice R. 1195 of 1 July 1977 as follows:

"35: *Fees*

35. The following fees shall be payable to the Registrar:

(a) In respect of the lodging of an application for registration which—

(i) is compounded or prepared in its entirety in the Republic of South Africa: R500; or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(ii) in die geheel in 'n ander land as die Republiek van Suid-Afrika aangemaak of berei word: R1 000.

(b) Ten opsigte van die registrasie van 'n medisyne waarvan die registrasie ingevolge artikel 15 (3) deur die Raad goedgekeur is: R100.

(c) Jaarliks ten opsigte van die behoud van registrasie van 'n medisyne waarvan die registrasie ingevolge artikel 15 (3) deur die Raad goedgekeur is: R30: Met dien verstande dat hierdie bepaling in werking tree op 'n datum een jaar na die datum waarop registrasie van bedoelde medisyne kragtens artikel 15 (3) deur die Raad goedgekeur is, en verder dat bedoelde gelde wat in daardie jaar betaalbaar is, voor of op die laaste werksdag van Junie van elke jaar betaal moet word."

(ii) is compounded or prepared in its entirety in a country other than the Republic: R1 000.

(b) In respect of the registration of a medicine, the registration of which has been approved by the Council in terms of section 15 (3): R100.

(c) Annually, in respect of the retention of the registration of a medicine, the registration of which has been approved by the Council in terms of section 15 (3): R30: Provided that this provision shall come into effect on a date one year after the date on which the registration of the said medicine has been approved by the Council in terms of section 15 (3) and further that the said fees which are payable during that year be paid on or before the last working day of June of every year."

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN VERBRUIKERSAKE

No. R. 2025 14 September 1979

WET OP HANDELSMETROLOGIE, 1973

TARIEF VAN ONDERSOEKGELDE

Ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake, vaardig hierby kragtens artikel 18 (8) van die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), die regulasies uit in die Bylae hierby uiteengesit.

S. W. VAN DER MERWE, Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake.

BYLAE

	R
1. Meetinstrumente wat ingevolge artikel 18 (1) (a) van die Wet voorgelê word:	
(1) Massameters en telskale:	
(a) Nie-selfaanwysende skale met 'n meetvermoë van hoogstens 50 kg, insluitend skale met onbenoemde verskilwyserplate en gewone balanse, jukskale, toonbankskale, unsters, muurskale en saamgestelde hefboomskale (toonbankplatformskale, bankskale, platformskale, stortbakskale, tenkskale, oorhoofse spoorskale), synde van buitengewone of nuwe ontwerp	400
(b) Nie-selfaanwysende skale met 'n meetvermoë van meer as 50 kg maar hoogstens 10 t, insluitend skale met onbenoemde verskilwyserplate en gewone dooiemassaskale, unsters, muurskale, en saamgestelde hefboomskale (toonbankplatformskale, bankskale, platformskale, stortbakskale, tenkskale, oorhoofse spoorskale, voertuigskale, hyskraanskale), synde van buitengewone of nuwe ontwerp	600
(c) Nie-selfaanwysende skale met 'n meetvermoë van meer as 10 t, insluitend gewone saamgestelde hefboomskale (platformskale, stortbakskale, tenkskale, voertuigskale, hyskraanskale), synde van buitengewone of nuwe ontwerp	800
(d) Selfaanwysende en half-selfaanwysende balanse en jukskale	500
(e) Roomtoetsskale	500
(f) Deur muntstuk in werking gestelde of selfaanwysende persoonskale	600
(g) Selfaanwysende en half-selfaanwysende toonbankskale en hangskale met 'n meetvermoë van hoogstens 50 kg, insluitend skale met benoemde verskilwyserplate	600
(h) Selfaanwysende en half-selfaanwysende toonbankplatform- of bankskale en platformskale met 'n meetvermoë van hoogstens 150 kg	600
(i) Selfaanwysende platform-, muur-, stortbak-, tenk-, oorhoofse spoor-, voertuig- en hyskraanskale met 'n meetvermoë van meer as 150 kg, maar hoogstens 10 t	700
(j) Selfaanwysende skale van enige soort met 'n meetvermoë van meer as 10 t	1 200

DEPARTMENT OF COMMERCE AND CONSUMER AFFAIRS

No. R. 2025 14 September 1979

TRADE METROLOGY ACT, 1973

TARIFF OF EXAMINATION FEES

I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs, do hereby promulgate in terms of section 18 (8) of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973), the regulations set out in the Schedule hereto.

S. W. VAN DER MERWE, Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs.

SCHEDULE

	R
1. Measuring instruments, submitted in terms of section 18 (1) (a) of the Act;	
(1) Massmeters and counting scales:	
(a) Non-self-indicating scales having a capacity not exceeding 50 kg, including scales with undenominated difference charts, and including conventional balances, beam scales, counter scales, steelyards, wall scales and compound lever scales (counter platform scales, bench scales, platform scales, hopper scales, tank scales, overhead track scales), being of unusual or novel design	400
(b) Non-self-indicating scales having a capacity exceeding 50 kg but not exceeding 10 t, including scales with undenominated difference charts, and including conventional dead-mass scales, steelyards, wall scales and compound lever scales (counter platform scales, bench scales, platform scales, hopper scales, tank scales, overhead track scales, vehicle scales, crane scales), being of unusual or novel design	600
(c) Non-self-indicating scales having a capacity exceeding 10 t, including conventional compound lever scales (platform scales, hopper scales, tank scales, vehicle scales, crane scales), being of unusual or novel design	800
(d) Self-indicating and semi-self-indicating balances and beam scales	500
(e) Cream test scales	500
(f) Coin-operated or self-indicating person scales	600
(g) Self-indicating and semi-self-indicating counter scales and suspended scales having a capacity not exceeding 50 kg, including scales with denominated difference charts	600
(h) Self-indicating and semi-self-indicating counter platform or bench scales and platform scales having a capacity not exceeding 150 kg	600
(i) Self-indicating platform scales, wall scales, hopper or tank scales, overhead track scales, vehicle scales and crane scales having a capacity exceeding 150 kg but not exceeding 10 t	700
(j) Self-indicating scales of any type having a capacity exceeding 10 t	1 200

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

	R
(k) Telskale	600
(l) Gekombineerde massameet- en telskale	700
(m) Wielmassalasskale	700
(n) Outomatiese skale, insluitend vervoerbandskale	1 200
(o) Massameters van enige soort wat nie ingesluit is by (a) tot (n) hierbo nie—	
(i) met 'n meetvermoë van hoogstens 50 kg	600
(ii) met 'n meetvermoë van meer as 50 kg, maar hoogstens 10 t	700
(iii) met 'n meetvermoë van meer as 10 t	1 200
(2) Lengte- en oppervlaktemeetinstrumente:	
(a) Selfaanwysende lengtemeetinstrumente	300
(b) Lengtemeetinstrumente vir gebruik op 'n toonbank en dié wat met die hand aangedryf word	600
(c) Kragaangedrewe lengtemeetinstrumente	700
(d) Oppervlaktemeetinstrumente	800
(3) Volume-meetinstrumente:	
(a) Voertuigtenks voorsien van meetpeilstokke	600
(b) (i) Eenvoudige vloeistofmeettoestelle, waarvan die meganisme afhanklik is van manipulasie deur die hand, vir die aflewering van enkele hoeveelhede van hoogstens een liter	200
(ii) Vloeistofmeettoestelle nie by (i) ingesluit nie	500
(c) Vloeistofmeters	800
(d) Smeerolieuitdelers	800
(e) Vloeibrandstofuitdelers	800
(f) Watermeters	500
(g) Gasmeters	800
(h) Volume-meetinstrumente, uitgesonderd materiaal-vloeistofmate, van enige soort nie by (a) tot (g) ingesluit nie	800
(4) Materiaalmate:	
(a) Gewone massastukke met nuwe eienskappe	100
(b) Gewone lengtemate met nuwe eienskappe	100
(c) Gewone volumemate met nuwe eienskappe	100

2. Bykomende toestelle waarvan meetinstrumente wat ingevolge artikel 18 (1) (a) van die Wet voorgelê word, voorsien is:

(1) Ten opsigte van elke bykomende toestel van 'n soort in (a) tot (f) genoem, maar met uitsluiting van dié in (2) hieronder genoem, waarvan 'n model van 'n meetinstrument waarna in 1 (1), 1 (2) of 1 (3) verwys word, voorsien is, word die toepaslike voorgeskrewe bedrag verhoog met 200

Bogenoemde verhoogde bedrag is van toepassing ten opsigte van 'n bykomende toestel—

(a) vir die voorsiening van 'n gedrukte of ander rekord van metings op lint, kaartjies, etikette of ander dokumente;

(b) vir die voorsiening van 'n addisionele vér-aanwysing;

(c) vir die inwerkingstelling van 'n waarskuwingsein of afsluitmeganisme;

(d) wat deur 'n muntstuk in werking gestel of beheer word, vir die voorafbepaling van 'n gewenste hoeveelheid;

(e) vir die outomatiese kompensering vir veranderinge in 'n stroom van 'n vloeistof wat gemeet word; en

(f) vir enige soortgelyke doel nie in (a) tot (e) genoem nie.

(2) Die volgende toestelle is uitgesluit van die betaling van die bykomende bedrag hierbo genoem:

(a) 'n Agter-aanwyser op 'n selfaanwysende skaal of ander meetinstrument;

(b) 'n prysberekeningskaart of -toestel op enige meetinstrument;

(c) 'n aanwysing-, tel- of opteltoestel vir die visuele aanduiding van—

(i) die getal vragte of die totale massa van vragte gemeet deur 'n outomatiese skaal;

(ii) die lengte of oppervlakte gemeet deur onderskeidelik 'n lengte- of oppervlaktemeetinstrument;

(iii) die volume of totale volume vloeistof gelewer deur 'n meettoestel of meter, of wat daardeur vloei;

(d) 'n toestel of wyser wat nie 'n waarskuwingsein of afsluitmeganisme beheer nie en wat bedoel is vir tarrameting of vir die voorafbepaling van hoeveelheid;

(e) 'n voorafbepalingtoestel wat as deel van die aanwyser van 'n vloeistofmeter funksioneer en wat nie deur 'n muntstuk beheer word nie;

	R
(k) Counting scales	600
(l) Combined mass measuring and counting scales	700
(m) Wheel massload scales	700
(n) Automatic scales including conveyor belt scales	1 200
(o) Massmeters of any type not included in paragraphs (a) to (n) above—	
(i) having a capacity not exceeding 50 kg	600
(ii) having a capacity exceeding 50 kg but not exceeding 10 t	700
(iii) having a capacity exceeding 10 t	1 200
(2) Length and area measuring instruments:	
(a) Self-indicating measures of length	300
(b) Length measuring instruments for use on a counter and those manually operated	600
(c) Length measuring instruments, power operated	700
(d) Area measuring instruments	800
(3) Volume measuring instruments:	
(a) Vehicle tanks provided with measuring gauges	600
(b) (i) Simple liquid measuring devices, the mechanism of which is dependent upon manual manipulation, for delivering single quantities of not more than one litre	200
(ii) Liquid measuring devices not included in (i)	500
(c) Liquid meters	800
(d) Lubricating oil dispensers	800
(e) Liquid fuel dispensers	800
(f) Water meters	500
(g) Gas meters	800
(h) Volume measuring instruments other than material measures of volume, of any type not included in (a) to (g) above	800
(4) Material measures:	
(a) Conventional masspieces having novel features	100
(b) Conventional measures of length having novel features	100
(c) Conventional measures of volume having novel features	100

2. Additional devices provided on measuring instruments, submitted in terms of section 18 (1) (a) of the Act:

(1) In respect of each additional device of a kind listed in (a) to (f), but excluding those listed in (2) below, provided on a model of a measuring instrument referred to in 1 (1), 1 (2) or 1 (3), the specified fee shall be increased by 200

The above increased fee applies in respect of an additional device—

(a) for providing printed or otherwise recorded records of measurements, on tape, tickets, labels or other documents;

(b) for providing an additional remote indication;

(c) for operating a warning signal or cut-off mechanism;

(d) which is coin freed or coin controlled, for presetting a required quantity;

(e) for effecting automatic compensation for changes in a liquid stream being measured; and

(f) for any similar purpose not included in (a) to (e).

(2) Devices excepted from the above additional fee are—

(a) a back indicator on a self-indicating scale or other measuring instrument;

(b) a price computing chart or device on any measuring instrument;

(c) an indicating, counting or totalising device providing a visual indication—

(i) of the number of loads or the total mass of loads measured by an automatic scale;

(ii) of the length or area measured by a length or area measuring instrument, respectively;

(iii) of the volume or total volume delivered by or passed through a liquid measuring device or meter;

(d) a taring or presetting indicator or device not controlling a signal or cut-off mechanism;

(e) a presetting device (set-stop) operating as a part of an indicator on a liquid meter and not being coin controlled;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

	R
(f) enige toestel wat ingevolge regulasie op enige meetinstrument voorsien moet wees.	
3. Meetinstrumente wat ingevolge artikel 18 (1) (a) van die Wet voorgelê word, en wat elektroniese apparaat insluit:	
(1) Waar 'n model van 'n meetinstrument van enige van die soorte in 1 (1), 1 (2) en 1 (3) genoem, of enige van die bykomende toestelle in 2 (1) genoem, enige elektroniese apparaat insluit, uitgesonderd die apparaat in (2) hieronder genoem, word die bedrag in 1 of 2 hiervan voorgeskryf, ten opsigte van sodanige model en elke bykomende toestel waarvan dit voorsien is, verhoog met	200
(2) Die voornoemde verhoogde bedrag is nie betaalbaar ten opsigte van 'n foto-elektroniese of soortgelyke taster, of nabyheidskakelaar, met verbonde versterkertoestelle of relê-inrigtings vir die inwerkingstelling of beheer van—	
(a) inhibisie van gedrukte uitlesings;	
(b) waarskuwingseine; of	
(c) afsluitmeganismes, wat nie andersins elektronies van aard is nie.	
4. Gewysigde meetinstrumente wat ingevolge artikel 18 (1) (b) van die Wet voorgelê word:	
(1) (a) Waar 'n verandering, uitgesonderd 'n verhoging van kapasiteit of die toevoeging van 'n bykomende toestel, bestaan uit—	
'n verandering in die materiaal of ontwerp van 'n komponent of komponente soos 'n lasreseptor, lastransmissietoestel, lasmeting- of aanduidingstoestel of raam of omhulsel van 'n massameter, of die bepyping, lugafskeier, filter, uitleser, grendel of leweringslang van 'n vloeistofmeetinstrument, wat nie 'n verandering van die beginsel van meting insluit nie, is die betaalbare bedrag een helfte van die toepaslike bedrag in 1 hiervan voorgeskryf: Met dien verstande dat die direkteur van die betaling hiervan afstand kan doen waar die verandering na sy mening van so 'n geringe aard is dat die ondersoek en toets van die gewysigde model nie nodig is nie.	
(b) Waar 'n verandering alleenlik bestaan uit 'n verhoging van kapasiteit, met 'n moontlike vergroting van die onderdele, is die betaalbare bedrag gelyk aan die volle verskil tussen die bedrag oorspronklik betaal en die paslike bedrag vir 'n meetinstrument van die verhoogde kapasiteit.	
(c) Waar 'n verandering alleenlik bestaan uit die toevoeging van 'n bykomende toestel of toestelle, is die betaalbare bedrag die volle voorgeskrewe bedrag vir sodanige toestel of toestelle.	
(2) Waar meer as een van die veranderings in (1) hierbo bedoel, gesamentlik voorkom, is die betaalbare bedrag die som van die verskeie voorgeskrewe bedrae:	
Met dien verstande dat waar veranderings in (1) (a) en (b) hierbo bedoel, gesamentlik voorkom, die halwe bedrag in 1 (a) vermeld, teen die hoër tarief moet wees indien laasgenoemde verandering 'n gevolg is van 'n verhoging van kapasiteit.	
5. Installasies en sisteme wat ingevolge artikel 18 (9) van die Wet voorgelê word:	
(1) Meetsisteme wat massameters insluit vir die—	
(a) omkanteling van padvoertuie of spoortrokke....	400
(b) massameting van ongekoppelde spoortrokke in beweging.....	400
(c) massameting van padvoertuie of spoortrokke in beweging terwyl gekoppel.....	600
(d) massameting van padvoertuie of spoortrokke staande terwyl gekoppel.....	600
(e) massameting van padvoertuie staande, as vir as..	200
(f) vervoer, oorbring of laai van goedere (uitgesonderd outomatiese skale soos omskryf).....	200
(g) outomatiese toevoer en uitlaat van materiaal of goedere, en druk of registrering van die resultate van meting (uitgesonderd outomatiese skale soos omskryf)	200
(h) tussenverbinding van 'n aantal massameters (uitgesonderd waar saamgevoeg as 'n eenheid, soos byvoorbeeld meerplatformvoertuigskale).....	200

	R
(f) any device which is required by regulation to be provided on any instrument.	
3. Measuring instruments, submitted in terms of section 18 (1) (a) of the Act, which incorporate electronic apparatus:	
(1) Where a model of a measuring instrument of any of the types referred to in 1 (1), 1 (2) and 1 (3), or any of the additional devices referred to in 2 (1) hereof, incorporates any electronic apparatus, except the apparatus listed in (2) hereunder, the fee specified in 1 or 2 hereof shall be increased, in respect of the model and of each device with which it is provided, by.....	200
(2) The foregoing increase will not be payable in respect of a photo-electronic or similar scanner or proximity switch, with associated amplifiers or relays, for operating or controlling—	
(a) the inhibition of printing;	
(b) warning signals; or	
(c) cut-off mechanisms, which are not otherwise electronic.	
4. Modified measuring instruments, submitted in terms of section 18 (1) (b) of the Act:	
(1) (a) Where the modification, other than an increase in capacity or the addition of a device, comprises—	
a change of material or design of a component or components such as a load receptor, load transmitting device, load measuring and indicating device or frame or housing of a massmeter, or the piping, air eliminator, filter, indicator, interlock or hose of a liquid measuring instrument, which does not include a change of the principle of measurement, the fee shall be one half of the appropriate fee specified in 1 hereof: Provided that the director may waive this fee where, in his opinion, the modification is of a minor nature which does not warrant an examination or testing of the modified model.	
(b) Where the modification comprises only an increase in capacity, with a possible increase in size only of components, the fee shall be the full difference between the fee originally paid and the appropriate fee for an instrument having the increased capacity.	
(c) Where the modification comprises only the addition of a device or devices, the fee shall be the full fee or fees for such device or devices.	
(2) Where more than one of the modifications referred to in (1) above occur together, the fee payable shall be the sum of the several fees:	
Provided that where modifications referred to in (1) (a) and (b) above occur together, the half fee referred to in (1) (a) shall be at the higher rate if the latter modification is consequent on the increase in capacity.	
5. Installations and systems, submitted in terms of section 18 (9) of the Act:	
(1) Measuring systems incorporating massmeters for—	
(a) tipping road vehicles or rail trucks.....	400
(b) measuring the mass of rail trucks in motion, while uncoupled.....	400
(c) measuring the mass of road vehicles or rail trucks in motion, while coupled.....	600
(d) measuring the mass of road vehicles or rail trucks, static, while coupled.....	600
(e) measuring the mass of road vehicles, static, axle by axle.....	200
(f) transporting, conveying or loading of goods (other than automatic scales as defined).....	200
(g) feeding and discharge of material or goods, and printing or recording of results of measuring, and which operate automatically (other than automatic scales as defined).....	200
(h) interconnecting several massmeters (other than where incorporated as one unit, e.g. multi-platform vehicle scales).....	200

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

	R
(2) Meetsisteme of -installasies vir volumemeting wat vloeistofmeters insluit—	
(a) lynmeter-, skeepsvaart- en lugvaartinstallasies, en ook installasies waar kopers brandstof in eie houers afhaal	800
(b) pad- of spoortenkwa-ontwerpe en soortgelyke installasies	800
(c) ontvangs-, pomp- en leweringsinstallasies vir melk en ander vloeistowwe	400

(3) Waar 'n verandering aangebring word op 'n reeds goedgekeurde installasie of sisteem waarna in (1) of (2) hierbo verwys word, is 'n bedrag gelyk aan die helfte van die toepaslike voorgeskrewe bedrag betaalbaar: Met dien verstande dat die direkteur afstand kan doen van die betaling van sodanige bedrag indien die verandering na sy mening van so 'n geringe aard is dat geen verdere ondersoek of toetse van die installasie nodig is nie.

6. Waar 'n meetinstrument, wat voorgelê word ingevolge artikel 18 (1) (a) van die Wet, ingesluit is by 'n sisteem of installasie, is die betaalbare bedrag die som van die toepaslike voorgeskrewe bedrae vir die meetinstrument en vir die sisteem of installasie onderskeidelik.

7. Goewermentskennisgewing R. 2073 van 19 November 1971 word hierby herroep.

No. R. 2026 14 September 1979

WET OP MEETEENHEDE EN NASIONALE MEETSTANDAARDE, 1973

EENHEDE WAT IN GESPESIALISEERDE GEBIEDE SAAM MET DIE SI GEBRUIK KAN WORD EN WAARVAN DIE WAARDES EKSPERIMENTEEL BEPAAL WORD

Ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake, wysig hierby kragtens artikel 3 van die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973), Goewermentskennisgewing R. 1146 van 5 Julie 1974 soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

S. W. VAN DER MERWE, Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake.

BYLAE

1. In Tabel 2 van die Tweede Bylae na die grootheid "afstand" word die volgende bygevoeg:

Grootheid	Eenheid	
	Naam	Simbool
"klankdrukpeile	desibel	dB"

2. Die volgende paragraaf word by die "DEFINISIES" in Tabel 2 van die Tweede Bylae gevoeg:

"(5) Die desibel, as 'n uitdrukking van klankdrukpeile, is 10 maal die logaritme met grondtal 10 van die verhouding van die vierkante van twee klankdrukke. Indien die tweede klankdrukverwysing nie gespesifiseer of geïmpliseer word nie, word dit aanvaar as gelyk te wees an 20 μPa. Die frekwensiebeswaringsnet wat gebruik word, moet aangedui word.".

3. Onder "REËLS" in Tabel 2 van die Tweede Bylae word die volgende bygevoeg:

"(4) Die desibel word op geen ander gebied as akoestiek gebruik nie en, in gewysigde vorm, in elektriese kommunikasie.".

	R
(2) Volume measuring systems or installations incorporating liquid meters in—	
(a) line, marine, aviation and customer-own-collection installations	800
(b) road or rail tanker layouts and similar installations	800
(c) milk and other liquid receiving, pumping or delivery systems	400

(3) Where a previously approved installation or system referred to in (1) or (2) above is modified, the fee in respect of such modification shall be one half of the appropriate specified fee: Provided that the director may waive this where, in his opinion, the modification is of a minor nature which does not warrant an examination or testing of the installation or system.

6. Where a measuring instrument is incorporated in a system or installation when the instrument is submitted in terms of section 18 (1) (a) of the Act, the fee shall be the sum of the appropriate fees for the instrument and for the system or installation.

7. Government Notice R. 2073 of 19 November 1971 is hereby withdrawn.

No. R. 2026 14 September 1979

MEASURING UNITS AND NATIONAL MEASURING STANDARDS ACT, 1973

UNITS WHICH MAY BE USED WITH THE SI IN SPECIALISED FIELDS AND THE VALUES OF WHICH, EXPRESSED IN SI UNITS, ARE OBTAINED EXPERIMENTALLY

I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs, do hereby, in terms of section 3 of the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973), amend Government Notice R. 1146 of 5 July 1974, as set out in the Schedule hereto.

S. W. VAN DER MERWE, Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs.

SCHEDULE

1. Add the following to Table 2 of the Second Schedule after the quantity "distance":

Quantity	Unit	
	Name	Symbol
"sound pressure level	decibel	dB"

2. Add the following to the "DEFINITIONS" in Table 2 of the Second Schedule:

"(5) The decibel, as an expression of sound pressure level, is 10 times the logarithm to the base 10 of the ratio of the squares of two sound pressures. Where the second sound pressure reference level is not defined or implied it is assumed to be 20 μPa. The frequency weighting network used shall be indicated.".

3. Add the following to the "RULES" in Table 2 of the Second Schedule:

"(4) The decibel is not used in any fields other than acoustics and, in a modified form, in electrical communications.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. R. 2041 14 September 1979

WET OP PETROLEUMPRODUKTE, 1977

REGULASIES TER BESPARING VAN PETROLEUMPRODUKTE

